basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE
SENIOR SERTIFIKAAT

GRAAD 12

GEOG.1

GEOGRAFIE V1

NOVEMBER 2014

PUNTE: 225

TYD: 3 uur

Hierdie vraestel bestaan uit 12 bladsye en 'n 11 bladsy-bylae.

OGGENDSESSIE

Kopiereg voorbehou

WESTERN CAPE

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit vier vrae.
2. Beantwoord ENIGE DRIE vrae van 75 punte elk.
3. Alle diagramme is in die BYLAE ingesluit.
4. Laat 'n reël oop tussen onderafdelings van vrae wat jy beantwoord.
5. Begin ELKE vraag boaan 'n NUWE bladsy.
6. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik word. Nommer die antwoorde in die middel van die reël.
7. OMKRING die vrae wat jy beantwoord het op die voorblad van die ANTWOORDEBOEK.
8. MOENIE in die kantlyne van die ANTWOORDEBOEK skryf NIE.
9. Illustreer jou antwoorde met benoemde diagramme, waar moontlik.
10. Skryf netjies en leesbaar.

AFDELING A: KLIMAAT, WEER EN GEOMORFOLOGIE

Beantwoord ten minste EEN vraag in hierdie afdeling. As jy EEN vraag in AFDELING A beantwoord, moet jy TWEE vrae in AFDELING B beantwoord.

VRAAG 1

1.1 Bestudeer FIGUUR 1.1 wat op 'n dwarsdeursnee van 'n tropiese sikloon gebaseer is en beantwoord die vrae wat volg.

1.1.1 Benoem wolktipe **A**.

1.1.2 Watter naam word aan gebied **B** in die tropiese sikloon gegee?

1.1.3 Is die lugdruk hoog of laag in gebied **B**?

1.1.4 In watter algemene rigting beweeg tropiese siklone in die Suidelike Halfrond?

1.1.5 Noem die neerslag wat met wolktipe **A** geassosieer word.

1.1.6 Noem die lugbeweging in gebied **B**.

1.1.7 Konvergeer of divergeer die lug in gebied **C**?

1.1.8 Watter naam word aan die stadium van ontwikkeling gegee wanneer 'n tropiese sikloon oor land beweeg? (8 x 1) (8)

1.2 Verwys na die dreineerbekken in FIGUUR 1.2 en beantwoord die vrae wat volg.

1.2.1 Benoem die dreineringspatroon wat in die diagram getoon word.

1.2.2 Teen watter hoek sluit die sytakke by die hoofstroom aan?

1.2.3 Dui aan of hierdie dreineringspatroon geassosieer word met 'n oppervlak wat eenvormig of verskillend in weerstand teen erosie is.

1.2.4 Is die dominante proses by **A** op die skets erosie of afsetting?

1.2.5 Noem die stroomorde by punt **A**.

1.2.6 Is gebied **B** 'n interfluviale rif of 'n waterskeiding?

1.2.7 Is die afloop van die rivier groter by **A** of by **C**? (7 x 1) (7)

1.3 Bestudeer die skets in FIGUUR 1.3 wat 'n temperatuurinversie in 'n vallei toon en beantwoord die vrae wat volg.

1.3.1 Definieer die begrip *temperatuurinversie* wat deur **B** en **C** aangedui word. (1 x 1) (1)

1.3.2 Benoem die wind by **A**. (1 x 1) (1)

1.3.3 Verduidelik waarom die wind in VRAAG 1.3.2 oor die algemeen snags in valleie voorkom. (1 x 2) (2)

1.3.4 Verduidelik waarom stralingsmis waarskynlik snags in die vallei sal voorkom. (2 x 2) (4)

1.3.5 Evalueer die waarskynlike impak van die wind by **A** op landbou en nedersettings op die valleibodem in 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls. (4 x 2) (8)

1.4 FIGUUR 1.4 toon bergwindtoestande.

1.4.1 Benoem hoogdruksel **A**. (1 x 1) (1)

1.4.2 In watter seisoen kom bergwinde algemeen voor? (1 x 1) (1)

1.4.3 Verwys na die diagram en noem TWEE toestande waaronder bergwinde ontstaan. (2 x 2) (4)

1.4.4 Gee EEN rede vir die temperatuurverandering van bergwinde wanneer dit van die binneland (**A**) na die kus (**B**) waai. (1 x 2) (2)

1.4.5 Verwys na die weerstasie by **C** en gee EEN rede vir die wolklose toestande. (1 x 2) (2)

1.4.6 Waarom word bergwinde in die winter met veldbrande geassosieer? (2 x 2) (4)

1.5 FIGUUR 1.5 toon 'n lengteprofiel van 'n rivier.

1.5.1 Verduidelik die begrip *lengteprofiel*. (1 x 1) (1)

1.5.2 Noem 'n tydelike erosiebasisvlak wat in die skets sigbaar is. (1 x 1) (1)

1.5.3 Teken 'n benoemde vryhandskets van 'n gegradeerde lengteprofiel. (1 x 3) (3)

1.5.4 Noem EEN kenmerk van die rivierbedding van 'n gegradeerde rivier. (1 x 2) (2)

1.5.5 In 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls, verduidelik die prosesse wat die profiel in FIGUUR 1.5 moet ondergaan om van 'n ongegradeerde na 'n gegradeerde profiel te verander. (4 x 2) (8)

1.6 Verwys na FIGUUR 1.6 wat 'n oewerwal toon.

1.6.1 Identifiseer die fluviale landvorm waarop gewasse verbou word. (1 x 1) (1)

1.6.2 Waarom sal die landvorm in VRAAG 1.6.1 meer waarskynlik in die benedeloop oorstroom? (2 x 2) (4)

1.6.3 Identifiseer die natuurlike verskynsel **A** wat gewasse teen oorstroming beskerm. (1 x 2) (2)

1.6.4 Beskryf kortliks die vorming van die natuurlike verskynsel in VRAAG 1.6.3. (2 x 2) (4)

1.6.5 Bespreek die negatiewe invloede op die boer indien die rivier deur verskynsel **A** sou breek. (2 x 2) (4)
[75]

VRAAG 2

2.1 Verwys na FIGUUR 2.1 wat twee kuslaagdrukselle, **A** en **B**, toon. Kies EEN begrip tussen hakies om elk van die volgende stellings WAAR te maak:

2.1.1 Lugsirkulasie in lugdrukselle **A** en **B** is (kloksgewys/ antikloksgewys).

2.1.2 Lug (konvergeer/divergeer) by lugdruksel **A** en **B**.

2.1.3 Lugdruksel **A** sal 'n (laer/hoër) voginhoud as lugdruksel **B** hê.

2.1.4 Lugdruksel **A** word met (mis/motreën) geassosieer.

2.1.5 Die lugdruk by **B** sal (laer/hoër) as by **A** wees.

2.1.6 Plek **M** sal binnekort deur weerstelsel (**A**/**B**) beïnvloed word.

2.1.7 Plek (**K**/**Q**) sal bergwinde ervaar. (7 x 1) (7)

2.2 Verwys na FIGUUR 2.2 wat riviervloeipatrone aantoon. Dui aan of elk van die volgende stellings na turbulente of laminêre vloei in 'n rivier verwys. Jy mag dieselfde antwoord vir meer as een vraag gebruik.

2.2.1 Word geassosieer met 'n rivierbedding wat gelyk en glad is

2.2.2 Word met 'n onreëlmatige en malende vloei geassosieer

2.2.3 Erodeer en vervoer sediment doeltreffend

2.2.4 Kom algemeen in die boloop van 'n rivier voor

2.2.5 Water vloei in dun lagies

2.2.6 Word met 'n hoër stroomsnelheid geassosieer

2.2.7 Kom voor waar stroomversnellings in die rivierloop sigbaar is

2.2.8 Het 'n groter stroomvragdrakapasiteit (8 x 1) (8)

2.3 Bestudeer die sinoptiese weerkaart in FIGUUR 2.3 en beantwoord die vrae wat volg.

2.3.1 Gee die begrip wat die aaneengeskakelde middelbreedtesiklone op die sinoptiese weerkaart beskryf. (1 x 1) (1)

2.3.2 Verwys na middelbreedtesikloon **A**.

(a) Teken 'n benoemde dwarsdeursnee van front **E**. (4 x 1) (4)

(b) Beskryf EEN weersverandering wat met die oorbeweeg van front **E** geassosieer word. (1 x 2) (2)

2.3.3 Verwys na die weerstasie by Windhoek (**B**). In 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls, beskryf en gee redes vir enige TWEE weerstoestande wat by die weerstasie aangeteken is. (4 x 2) (8)

2.4 Bestudeer FIGUUR 2.4 wat 'n hitte-eiland oor 'n Suid-Afrikaanse stad toon.

2.4.1 Wat word die lyne wat temperatuurlesings oor die stad aantoon, genoem? (1 x 1) (1)

2.4.2 Wat is die temperatuurverskil tussen die SSK en die landelike gebied? (1 x 2) (2)

2.4.3 Hoe dra hoë geboue daartoe by dat die SSK 'n hoër temperatuur het? (1 x 2) (2)

2.4.4 Stel TWEE moontlike redes voor waarom die temperatuurlyne wat in VRAAG 2.4.1 genoem is, nie rond/sirkelvormig is nie. (2 x 2) (4)

2.4.5 Elke stelling hieronder beskryf 'n tipiese stedelike mikroklimaat. Gee 'n rede waarom elk van hierdie toestande in 'n stedelike gebied ervaar word.

(a) Relatiewe humiditeit is laer oor die stad as oor die omliggende landelike gebied. (1 x 2) (2)

(b) Die stad het meer dae waarop neerslag voorkom as die omliggende landelike gebied. (1 x 2) (2)

(c) Windspoed is sterker in die SSK as in die omliggende landelike gebied. (1 x 2) (2)

2.5 Verwys na FIGUUR 2.5 en lees die navorsingsartikel oor die verbetering van waterproduktiwiteit.

2.5.1 Gee die betekenis van die begrip *waterhulpbronbestuur*. (1 x 1) (1)

2.5.2 Noem EEN nedersetting in die artikel wat 'n negatiewe impak op die Bo-Modderrivier het. (1 x 1) (1)

2.5.3 Noem TWEE maniere waarop mense met die waterproduktiwiteit van die Bo-Modderrivier inmeng. (2 x 1) (2)

2.5.4 Noem TWEE faktore wat die hoë waterafloop veroorsaak. (2 x 2) (4)

2.5.5 In 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls, verduidelik hoe die inmenging van mense langs 'n rivier diegene wat verder stroomaf woon, beïnvloed. (4 x 2) (8)

2.6 FIGUUR 2.6 illustreer die konsep van rivierverjonging.

2.6.1 Definieer die begrip *rivierverjonging.* (1 x 1) (1)

2.6.2 Identifiseer die verskynsel van rivierverjonging wat in die illustrasie sigbaar is. (1 x 1) (1)

2.6.3 Noem TWEE toestande waaronder rivierverjonging waarskynlik sal plaasvind. (2 x 2) (4)

2.6.4 Verduidelik hoe die verskynsel in VRAAG 2.6.2 gevorm word. (2 x 2) (4)

2.6.5 Verduidelik waarom die landskap in FIGUUR 2.6 nie geskik is vir die ontwikkeling van infrastruktuur nie. (2 x 2) (4)

[75]

AFDELING B: LANDELIKE EN STEDELIKE NEDERSETTINGS EN SUID-AFRIKAANSE EKONOMIESE GEOGRAFIE

Beantwoord ten minste EEN vraag in hierdie afdeling. As jy EEN vraag in AFDELING B beantwoord, moet jy TWEE vrae in AFDELING A beantwoord.

VRAAG 3

3.1 Verwys na FIGUUR 3.1 wat twee tipes nedersettings (**A** en **B**) aantoon. Pas die nedersettingstipes **A** en **B** by die stellings hieronder.

3.1.1 Hierdie tipe nedersetting is enkelfunksioneel

3.1.2 Word met tersiêre aktiwiteite geassosieer

3.1.3 Die kleinste van al die nedersettingstipes

3.1.4 Hierdie nedersettings is altyd kernagtig

3.1.5 Hierdie nedersetting het 'n verspreide patroon

3.1.6 'n Oorkonsentrasie van aktiwiteite

3.1.7 'n Metropool is 'n voorbeeld van hierdie tipe nedersetting

3.1.8 'n Voorbeeld van 'n sentrale plek (8 x 1) (8)

3.2 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (3.2.1–3.2.7) neer.

3.2.1 In watter EEN van die volgende ekonomiese sektore word grondstowwe uit die natuur ontgin?

A Primêr
B Sekondêr
C Kwaternêr
D Tersiêr

3.2.2 'n Begrip wat die beweging van nywerhede uit 'n kerngebied beskryf:

A Nasionalisering
B Agglomerasie
C Desentralisasie
D Sentralisasie

3.2.3 Watter EEN van die volgende kernnywerheidsgebiede is in die binneland geleë?

A Suidwes-Kaap
B PWV
C Port Elizabeth-Uitenhage
D Durban-Pinetown

3.2.4 Faktore wat mynbou in Suid-Afrika bevoordeel:

A Geologie, arbeid en beleggings
B Klimaat, afstand en buitelandse afhanklikheid
C Grond, grondeienaarskap en handel
D Klimaat, grond en handel

3.2.5 Tersiêre ekonomiese aktiwiteite staan ook as … nywerhede bekend.

A onttrekkings-
B diens-
C prosesserings-
D tegnologiese

3.2.6 Navorsing kan as 'n … ekonomiese aktiwiteit geklassifiseer word.

A primêre
B sekondêre
C tersiêre
D kwaternêre

3.2.7 'n … is 'n voorbeeld van 'n onafhanklike nywerheid.

A Saagmeule
B Motormonteringsaanleg
C Staalnywerheid
D Melkery (7 x 1) (7)

3.3 FIGUUR 3.3 toon 'n verskynsel wat die gevolg is van vinnige verstedeliking in Suid-Afrikaanse stede.

3.3.1 Identifiseer die verskynsel wat in FIGUUR 3.3 getoon word. (1 x 1) (1)

3.3.2 Noem TWEE boustowwe wat gebruik word om die skuilings/huise in FIGUUR 3.3 te bou. (2 x 1) (2)

3.3.3 Gee TWEE redes waarom die boustowwe in VRAAG 3.3.2 gebruik is. (2 x 2) (4)

3.3.4 Skryf 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls wat die plaaslike owerhede raad gee oor hoe om lewensomstandighede in hierdie nedersettings te verbeter. (4 x 2) (8)

3.4 Lees die koerantberig in FIGUUR 3.4 oor die uitdagings wat Suid-Afrikaanse stadsbeplanners in die gesig staar.

3.4.1 Watter sektor van die bevolking is die meeste deur die gebrek aan beplanning geraak? (1 x 1) (1)

3.4.2 Gee TWEE redes waarom die sektor van die bevolking in VRAAG 3.4.1 in terme van vervoer die meeste deur gebrekkige beplanning geraak word. (2 x 2) (4)

3.4.3 Hoe sal die toename in vervoerkoste huishoudings se begrotings beïnvloed? (2 x 2) (4)

3.4.4 Stel DRIE maatreëls voor wat stadsbeplanners kan implementeer (instel) om verkeersopeenhopings tussen mense se woonplekke en werkplekke te verminder. (3 x 2) (6)

3.5 Verwys na FIGUUR 3.5 wat die bydrae van landbouprodukte tot Suid-Afrika se ekonomie toon.

3.5.1 Het Suid-Afrika in 2011/2012 meer landbouprodukte ingevoer of uitgevoer? (1 x 1) (1)

3.5.2 Onder watter ekonomiese sektor val landbouproduksie? (1 x 1) (1)

3.5.3 Met watter persentasie het Suid-Afrika se uitvoere van landbouprodukte tussen 2010/2011 en 2011/2012 toegeneem? (1 x 1) (1)

3.5.4 Noem TWEE voordele vir die Suid-Afrikaanse ekonomie van 'n sterk binnelandse mark in terme van landbouproduksie. (2 x 2) (4)

3.5.5 Stel TWEE maniere voor waarop landbou-aktiwiteite tot die ontwikkeling van infrastruktuur in Suid-Afrika bydra. (2 x 2) (4)

3.5.6 Evalueer hoe onbetroubare reënval tot voedselonsekerheid bydra. (2 x 2) (4)

3.6 Lees die uittreksel in FIGUUR 3.6 oor ruimtelike ontwikkelingsinisiatiewe (ROI'e).

3.6.1 Wat is 'n *ruimtelike ontwikkelingsinisiatief (ROI)*? (1 x 1) (1)

3.6.2 Bespreek die belangrikheid van ROI'e vir ekonomiese ontwikkeling in Suid-Afrika. (2 x 2) (4)

3.6.3 Gee EEN rede waarom die infrastruktuur rondom die nuut-ontwikkelde ROI'e opgegradeer moes word. (1 x 2) (2)

3.6.4 Met verwysing na EEN ROI wat jy bestudeer het, verduidelik in 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls hoe verbeterde infrastruktuur toerisme ondersteun het en hoe dit tot die opheffing van die plaaslike gemeenskap gelei het. (4 x 2) (8)

[75]

VRAAG 4

4.1 Bestudeer FIGUUR 4.1 wat verskillende nedersettingspatrone toon.

4.1.1 Watter naam word aan nedersetting **A** gegee wat ver van water af geleë is omdat water as 'n bedreiging beskou word?

4.1.2 Benoem die nedersettingspatroon by **B**.

4.1.3 Waarom word nedersetting **C** 'n kernnedersetting genoem?

4.1.4 Watter bewys dui daarop dat nedersetting **D** 'n waterpunt-nedersetting is?

4.1.5 Gee die naam wat aan nedersetting **E** gegee word.

4.1.6 Identifiseer die faktor wat die vorm van nedersetting **F** beïnvloed het.

4.1.7 Beskryf die buitelynvorm van nedersetting **G**. (7 x 1) (7)

4.2 Bestudeer FIGUUR 4.2 wat twee verskillende tipes boerderye in Suid-Afrika voorstel.

4.2.1 Gee EEN begrip wat die tipe boerdery by **A** die beste beskryf. (1 x 1) (1)

4.2.2 Gee EEN begrip wat die tipe boerdery by **B** die beste beskryf. (1 x 1) (1)

4.2.3 Dui aan of ELK van die volgende stellings na boerderytipe **A** of boerderytipe **B** verwys. Jy mag dieselfde antwoord vir meer as een vraag gebruik.

(a) Gebruik wetenskaplike boerderymetodes
(b) Dra die meeste tot die BBP by
(c) Produseer 'n verskeidenheid gewasse in klein hoeveelhede
(d) Gebruik masjinerie
(e) Beperkte kapitale uitleg
(f) Gemik op die uitvoermark (6 x 1) (6)

4.3 Verwys na die koerantuittreksel in FIGUUR 4.3 oor stedelike probleme en beantwoord die vrae wat volg.

4.3.1 Gee 'n frase uit die uittreksel wat die betekenis van stadsvernuwing verduidelik. (1 x 1) (1)

4.3.2 Met verwysing na die koerantuittreksel, verduidelik waarom die middestad van Johannesburg oorbevolk geraak het. (2 x 2) (4)

4.3.3 Stel TWEE redes voor waarom die gehalte en lewering van dienste aan die Johannesburgse middestad geleidelik verswak. (2 x 2) (4)

4.3.4 Waarna verwys die 'groen longe' in die uittreksel? (1 x 2) (2)

4.3.5 Stel TWEE voordele van 'groen longe' in 'n stad voor. (2 x 2) (4)

4.4 FIGUUR 4.4 is 'n spotprent oor landelik-stedelike migrasie.

4.4.1 Definieer die begrip *landelik-stedelike migrasie*. (1 x 1) (1)

4.4.2 Gee TWEE stootfaktore wat tot landelik-stedelike migrasie lei. (2 x 2) (4)

4.4.3 Stel EEN manier voor om te voorkom dat landelike dorpe 'spookdorpe' word. (1 x 2) (2)

4.4.4 Daar is 'n siening dat goeie behuising en werksgeleenthede trekfaktore na stedelike gebiede is. In 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls, evalueer die mate waarin hierdie stelling waar is, krities. (4 x 2) (8)

4.5 Suid-Afrika se informele sektor groei teen 'n koers van 7,7%, wat dit die ekonomiese sektor maak wat die vinnigste groei. Dit het 'n noue verband met werkloosheid.

4.5.1 Definieer die begrip *informele sektor*. (1 x 1) (1)

4.5.2 Noem die persentasie waarteen die informele sektor in Suid-Afrika groei. (1 x 1) (1)

4.5.3 Gee EEN voorbeeld van informele handel. (1 x 1) (1)

4.5.4 Gee 'n moontlike rede waarom daar onlangs so 'n vinnige toename in die informele sektor in Suid-Afrika is. (1 x 2) (2)

4.5.5 Waarom is mense in die informele sektor huiwerig om vir handelspermitte aansoek te doen? (1 x 2) (2)

4.5.6 In 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls, berei 'n antwoord deur die Stadsraad voor waarin jy verduidelik waarom dit nodig is om handelspermitte te hê. (4 x 2) (8)

4.6 FIGUUR 4.6 beskryf die onstabiliteit by Lonmin se Marikana-myn. Die onstabiliteit het 'n negatiewe uitwerking op Suid-Afrika se BBP gehad.

4.6.1 Wat het die Marikana-staking veroorsaak? (1 x 1) (1)

4.6.2 Noem TWEE veiligheidsrisiko's waaraan die mynwerkers blootgestel is. (2 x 1) (2)

4.6.3 Buiten industriële aktiwiteite, bespreek waarom die onstabiliteit by Lonmin se Marikana-myn negatief op die BBP sal inwerk. (3 x 2) (6)

4.6.4 Hoe kan die eienaars (Lonmin) van die Marikana-myn werksomstandighede by die myn verbeter? (3 x 2) (6)

[75]

TOTAAL: 225

Kopiereg voorbehou